

Jaarlikse Prestasieplan 2011/12 – 2013/14

Annual Performance Plan 2011/12 – 2013/14

IsiCwangciso seNtsebenzo soNyaka 2011/12 – 2013/14



Date of tabling: 28 February 2011

WESTERN CAPE
Education Department

Provincial Government of the Western Cape

Aantekeninge:

1. Gebruik en Vertolking van hierdie Dokument

Die WKOD se Jaarlikse Prestasieplan (JPP) behoort saam met die Vyfjaar Strategiese Plan en die WKOD se Strategiese Verklaring gelees te word.

Die JPP word volgens die patroon van die nasionale tesourie uiteengesit. Die prestasie word in 'n versameling patrone uit die onderwyssektor saamgevat.

Onderwysbefondsing word na aanleiding van 8 programme verdeel. Elke program word deur nasionale subprogramme gedefinieer. Hierdie subprogramme word aan die begin van elke program gelys.

Nasionaal-gedefinieerde statistiese tabelle (ST'e) word volgens die relevante program genommer. Elke ST het 'n stel finansiële aanduiders gevolg deur 'n reeks datareële met die opskrif "Doeltreffendheidstatistieke". Hierdie data onderleë nasionale beplanning, monitering en evaluering, en voorsien ook hoogtemerke.

Die statistieke in Deel A is vir die sektor as 'n geheel eb hulle word vir elke subversameling ontbondel, bv. Hoofkantoor (sluit distrikte in; dan alle openbare gewone skole wat verder in primêre en sekondêre skole onderverdeel word; onafhanklike skole; spesiale onderwys; VOO-kolleges; volwasse onderwys; vroeëkindonderwys en hulpdienste.

Die vernaamste koste-aandrywers in die onderwys (onderwysers, infrastruktuur en regstelling) word per program voorsien. Insgelyks word in elke program die getalle vir onderwysers en nie-onderwysers, sowel as inskrywingsgetalle voorsien.

Daar is nasionale aanduiders genaams "Programprestasiemaatstawwe" en provinsiale aanduiders genaamd "Programprestasieaanduiders".

Aanpassings is aan die Strategiese Plan aangebring, en dit word dus hier ter tafel gelê om sekere van daardie beplanningselemente te vervang.

Let daarop dat die 2010/11-syfers in die ST-tabelle die Aangepaste Ramings is.

2. Vertalings:

Afrikaanse en Xhosa weergawes van hierdie dokument sal op die WKOD-webwerf, <http://wced.wcape.gov.za> beskikbaar wees binne 30 dae nadat dit ter tafel gelê is.

3. Bylae:

Kopieë van "Bylae E" (Tegniese Aanduiders) is by <http://wced.wcape.gov.za> beskikbaar.

*PR-nommer: PR12/2011
ISBN-nommer: 978-0-621-39874-8*

*Om bykomstige kopieë van hierdie dokument te verkry, skakel asseblief met:
Hoof: Onderwys, Privaatsak x9114,
Kaapstad, 8000. Tel: 021 467 2531
Faks: 021 461 3694
E-pos: media1@pgwc.gov.za*

*Hierdie dokument sal teen
31 Maart 2011 op versoek in
Xhosa beskikbaar wees.*

Voorwoord



Donald Grant, Minister
van Onderwys, Wes-Kaap

Meer as 'n jaar gelede het die Wes-Kaapse Provinsiale Regering sy strategiese plan vir onderwys vir die jare 2010 – 2019 vrygestel. Die plan fokus op 10 sleutelprioriteitsareas wat daarop gemik is om die gehalte van onderwys wat in hierdie provinsie aangebied word te verbeter, en uiteindelik leerderuitkomste te verbeter.

Sleutelareas sluit die volgende in: om uitkomste vir geletterdheid en syfervaardigheid te verbeter; om seniorbestuur vir prestasie verantwoordbaar te hou, om meer geleentheid te bied vir voortdurende professionele ontwikkeling en opleiding van opvoeders, om skoolinfrastruktuur te verbeter, om die beskerming van skole en leerders te verbeter, om die voorsiening van handboeke uit te brei, en om die meelewendheid en doeltreffendheid van die WKOD te verbeter.

Net meer as een jaar later kan die Wes-Kaapse Regering met vertroue beweer dat ons beduidende vordering gemaak het met die lê van die nodige fondament om ons doel te bereik, naamlik om leerderuitkomste in die Wes-Kaap te verbeter. So byvoorbeeld gaan die Wes-Kaap voort om, met die uitbreiding van ons toetsprogramme vir Grade 3, 6 en 9, die res van die land te lei in die gebruik van uitgebreide toetsing vir leerders.

Wat toerekenbaarheid betref, het die Hoof van die Departement en ek vroeër vanjaar prestasiekontrakte onderteken wat direk by die verbetering van leerderuitkomste inskakel. Vanjaar gaan ons die ondertekening van prestasie-ooreenkomste uitbrei om ook prinsipale en vise-prinsipale in te sluit, waardeur daar vir die eerste keer 'n skakel tussen prestasie-assessering en die gehalte van leerderuitkomste by 'n bepaalde skool sal wees.

Ten einde die aantal en gehalte van leerders in die stelsel wat slaag te verbeter, sal ons voortgaan om 'n aantal programme in ons onderpresterende skole te implementeer, met inbegrip van intensiewe bestuurondersteuning vir ons distrikskantore, vakspesifieke ondersteuning vir skole, en bykomstige handboeke in kritieke vakgebiede.

Die voorsiening van handboeke sal steeds 'n hooffokuspunt vir hierdie jaar bly, aangesien die regering vas oortuig is dat handboeke 'n noodsaaklike onderwys hulbron vir alle grade is. Ons het reeds verseker dat wiskundehandboeke aan alle Graad 2 tot 7-leerders in primêre skole in die Wes-Kaap gelewer sal word, en leesboeke vir Grade 1 tot 6 by verskeie skole. Hierdie program sal voortdurend uitgebrei word.

Gehalte-onderwys hang van gehalte-onderwys af. Vanjaar het ons ons programme vir die opleiding en ontwikkeling van opvoeders meer vaartbelyn gemaak sodat hulle meer gefokus is, met verpligte opleiding vir onderwysers by onderpresterende skole, en veel meer keuses vir onderwysers by skole wat goed presteer. Dit is noodsaaklik om die nodige opleiding vir ons prinsipale en SBL'e te voorsien, en skole is reeds in kennis gestel van die verskillende werkwinkels vir skoolbestuur wat vir 2011 aangebied word.

In die loop van verlede jaar het die WKOD ons infrastruktuurbehoefte geprioritiseer. Ons het verlede jaar reeds 145 mobiele eenhede met welslae geïnstalleer, en 107 klaskamers is tans of onder konstruksie of in die finale stadium van ontwerp en beplanning by sommige van ons suksesvolle skole ten einde toegang tot gehalte-onderwys uit te brei. In die provinsie is daar tans tien skole in verskillende stadiums van konstruksie, met 'n verdere vyftien skole wat in die beplanningstadium is. Vyftien skole wat vervang moet word, is ook in die beplanningstadium, met vier skole wat na verwagting vanjaar voltooi sal word.

In 2011 sal ons voortbou op die fundamente wat ons die vorige jaar gelê het. Die 2010 Nasionale Seniorcertifikaat en die uitslae van die geletterdheid- en syfervaardigheidstoetse sal ons in staat stel om nuwe teikens vir sekondêre en primêre skole te stel, asook waar om ons strategieë te fokus.

Elke besluit wat in verband met onderwys in die Wes-Kaap geneem word, sal op die noodsaak berus om die leerderprestasie-uitkomste in hierdie provinsie te verbeter en om groter toegang tot gehalte-onderwys te verskaf.

**DA Grant, Minister van Onderwys,
Wes-Kaap**

Amptelike Aftekening

Hierdie Jaarlikse Prestasieplan


- is deur die bestuur van die Wes-Kaap Onderwysdepartement onder leiding van die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap ontwikkel;
- is in lyn met die huidige Strategiese Plan van die Wes-Kaap Onderwysdepartement voorberei; en
- bied 'n akkurate weergawe van die prestasieteikens wat die Wes-Kaap Onderwysdepartement sal poog om met die hulpbronne wat in die begroting vir 2011/12 beskikbaar gestel is, te verwesenlik.



LJ Ely
[Hoof Finansiële Beampte]



M Harker
[Hoofbeampte verantwoordelik vir Beplanning]



PA Vinjevold
Rekenpligtige Beampte

Goedgekeur deur:



DA Grant
Uitvoerende Gesagspersoon

Inhoud

Deel A: Strategiese Oorsig	1
1. Situasië-ontleding	1
1.1 Visie	1
1.2 Missie	1
1.3 Waardes	1
1.4 Omgewing vir prestasielewering	1
1.5 Organisasoriese omgewing.....	3
1.6 Hersienings van wetgewende en ander mandate	4
2. Oorsig van 2011/12 Begroting- en MTUR-ramings	5
2.1 Uitgaweramings en sektorstatistiese tabelle	5
2.2 Ooreenbring van uitgawetendense met uitkomsgeoriënteerde doelwitte.....	10
Deel B: Program- en subprogramplanne	13
3. Program 1: Administrasie	13
3.1 Strategiese doelstellings	13
3.2 Strategiese doelstelling jaarlikse teikens vir 2011/12	14
3.3 Programprestasieaanduiders en jaarlikse teikens vir 2011/12	14
3.4 Kwartaallikse teikens	15
3.5 Ooreenbring van prestasieteikens met die begroting en MTUR	16
3.6 Prestasie- en uitgawetendense	19
4. Program 2: Openbare Gewone Skole	20
4.1 Strategiese doelstellings	20
4.2 Strategiese doelstelling jaarlikse teikens vir 2011/12	21
4.3 Programprestasieaanduiders en jaarlikse teikens	21
4.4 Kwartaallikse teikens	23
4.5 Ooreenbring van prestasieteikens met die begroting en MTUR	24
4.6 Prestasie- en uitgawetendense	33
5. Program 3: Onafhanklike Skole Subsidies	34
5.1 Strategiese doelstelling	34
5.2 Strategiese doelstelling jaarlikse teikens vir 2011/12	34
5.3 Programprestasieaanduiders en jaarlikse teikens	34
5.4 Kwartaallikse teikens	34
5.5 Ooreenbring van prestasieteikens met die begroting en MTUR	35
5.6 Prestasie- en uitgawetendense	37

Deel B: Program- en Subprogramplanne (vervolg)

6.	Program 4: Openbare Spesiale Skoolonderwys	38
	6.1 Strategiese doelstelling	38
	6.2 Strategiese doelstelling jaarlikse teikens vir 2011/12	38
	6.3 Programprestasiaaanduiders en jaarlikse teikens	39
	6.4 Kwartaallikse teikens	39
	6.5 Ooreenbring van prestasieteikens met die begroting en MTUR	40
	6.6 Prestasie- en uitgawetendense	41
7.	Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding	42
	7.1 Strategiese doelstelling	42
	7.2 Strategiese doelstelling jaarlikse teikens vir 2011/12	42
	7.3 Programprestasiaaanduiders en jaarlikse teikens	42
	7.4 Kwartaallikse teikens	42
	7.5 Ooreenbring van prestasieteikens met die begroting en MTUR	43
	7.6 Prestasie- en uitgawetendense	44
8.	Program 6: Volwasse Onderwys en Opleiding	45
	8.1 Strategiese doelstelling	45
	8.2 Strategiese doelstelling jaarlikse teikens vir 2011/12	45
	8.3 Programprestasiaaanduiders en jaarlikse teikens	45
	8.4 Kwartaallikse teikens	45
	8.5 Ooreenbring van prestasieteikens met die begroting en MTUR	46
	8.6 Prestasie- en uitgawetendense	47
9.	Program 7: Vroeëkindontwikkeling	48
	9.1 Strategiese doelstelling	48
	9.2 Strategiese doelstelling jaarlikse teikens vir 2011/12	49
	9.3 Programprestasiaaanduiders en jaarlikse teikens	49
	9.4 Kwartaallikse teikens	49
	9.5 Ooreenbring van prestasieteikens met die begroting en MTUR	50
	9.6 Prestasie- en uitgawetendense	51
10.	Program 8: Hulp- en Verwante Dienste	52
	10.1 Strategiese doelstelling	52
	10.2 Strategiese doelstelling jaarlikse teikens vir 2011/12	52
	10.3 Programprestasiaaanduiders en jaarlikse teikens.....	53
	10.4 Kwartaallikse teikens	53
	10.5 Ooreenbring van prestasieteikens met die begroting en MTUR	54
	10.6 Prestasie- en uitgawetendense	55

Deel C: Skakels met ander planne	56
11. Skakels met die langtermyn-infrastruktuur en ander kapitaalplanne	56
12. Voorwaardelike toelaes	65
13. Openbare entiteite	65
14. Openbare-privaat vennootskappe	65

Bylaes

15. Programprestasiemaatstawwe	66
16. Aksieplan 2014 Aanwysers	73
17. Strategiese Doelstellings in Vyfjaarplan, soos in APP 2011 – 2013 aangepas	74
18. Woordelys	76

Deel A: Strategiese Oorsig

1.1 Visie

Om geleenthede vir almal te skep deur verbeterde onderwysuitkomste

1.2 Missie

Om gehalte-onderwys aan alle leerders in die provinsie deur die volgende hoofdienste te verskaf:

- Oorkoepelende beplanning vir, en bestuur van die onderwysstelsel
- Steun vir openbare onderwysinstansies
- Onderwys in openbare gewone skole
- Steun aan onafhanklike skole
- Onderwys in openbare spesiale skole
- Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) by openbare VOO-kolleges
- Onderwys en opleiding vir volwassenes (OOV) in gemeenskapsleersentrums
- Vroeëkindontwikkeling (VKO) in Graad R
- Opleidingsgeleenthede vir onderwysers en nie-onderwysers
- Die hele kind te ondersteun deur MIV/VIGS-bewustheid uit te brei; voedsel aan geïdentifiseerde arm en honger leerders te voorsien sodat hulle doeltreffend kan leer; en 'n veilige skoolomgewing te bevorder.
- Ondersteuning vir onderwysers deur die voorsiening van basiese diensvoorwaardes, aansporing, en welsynprogramme vir werknemers

1.3 Waardes

- Die oorheersende belangrikheid van die leerder
- Die waardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet en die Handves van Regte
- Uitnemendheid deur 'n goed toegeruste, optimistiese en florerende onderwyserskorps te voorsien en te ondersteun
- Toerekenbaarheid en deursigtigheid
- Uitnemendheid en empatie in administratiewe en ondersteuningsfunksies
- Erkenning en bevestiging van onderwyseruitnemendheid en ondersteuning om hierdie doel te verwesenlik

1.4 Omgewing vir prestasielewering

Daar was 'n gestadige verbetering in leeruitkomste in primêre en sekondêre skole. Nietemin verwesenlik die meerderheid van die kinders in die Wes-Kaap nie hul akademiese potensiaal nie. Dit is hoofsaaklik aan die volgende probleme te wyte, waaraan daar tans aandag gegee word:

- Onvoldoende tyd en aandag word aan skryf en tel in die eerste drie grade op skool bestee
- Die vlakke van toerekenbaarheid vir prestasie van onderwysowerhede en opvoeders is swak
- Skoolbestuur en leierskap is swak. Dit sluit 'n gebrek aan bestuur van die onderrigprogram in
- Response en ondersteuning vanaf die onderwysdepartement is traag
- Die onderwysers se moreel is laag
- Die voorsiening van handboeke en ander leermateriaal is onvoldoende
- Maatskaplike euwels soos armoede en misdaad
- Die gehalte van die infrastruktuur van skole gaan agteruit
- Daar is 'n erfenis van onderbesteding op 'n aantal gebiede in die Wes-Kaap
- Weens inmigrering is daar druk op die Wes-Kaap

Die kombinasie van hierdie faktore het tot swak leerderprestasie gelei. Hierdie tendense toon egter tekens van verbetering.

- In 2010 het die Graad 12 slaagsyfer tot 76.8% toegeneem, waardeur die afname van 2004 – 2009 omgekeer is.
- Daar was 'n afname in die aantal onderpresterende hoërskole in die Wes-Kaap (skole met 'n slaagsyfer van minder as 60% in Graad 12) – van 84 in 2009 tot 78 in 2010.³⁹ Van die 84 skole het egter 'n toename aangeteken in die getalle van diegene wat geslaag het.
- Uitslae vir geletterdheid en syfervaardigheid soos dit in Graad 3 en 6 gemeet is, toon dat leerders nie vir hierdie grade op die verlangde vlakke kan lees, skryf en reken nie. Hierdie grondslag is nodig om leer in later grade te ondersteun.

In 2010 het die Universiteit van Stellenbosch 'n ondersoek uitgevoer na onderwyspraktyke in die Grondslagfase by 27 Wes-Kaapse skole. Die studie het getoon dat daar positiewe tekens van verbeterde funksionaliteit is, sowel as 'n toename in die tyd wat aan onderrig en leer bestee word. In baie skole is die pas waarteen onderrig plaasvind te stadig, en die kognitiewe vlak is te laag. Die studie het ook getoon dat die beskikbaarheid van handboeke swak is, en dat tyd weens verstourings en swak onderrigleierskap verlore gaan.

Die WKOD het 2010 daaraan gewy om teikens met skole en distrikte te stel, en om pasklaar steun te bied waar dit die nodigste is, terwyl die skole wat goed funksioneer toegelaat word om hul eie programme te bestuur. Die Hoërskoolprogram, wat bykomstige groepsonderrig ingesluit het, is ontwerp om die aantal onderpresterende skole te verminder.

Die verbeterde diens deur die WKOD aan skole het die volgende ingesluit:

- Hulpbronne (mense, tekste en finansies) is vir verbeterde ondersteuning aan skole aangewend. Stappe wat gedoen is, het 'n hersiening van poste ingesluit, waar daar byvoorbeeld poste van waarnemende gesekondeerdes geadverteer is en bykomstige poste aan behoeftige skole voorsien is.
- 'n Koste-effektiewe, geprioritiseerde en vernuwende infrastruktuurplan om aan agterstande en groei in leerdergetalle aandag te gee, is ontwikkel en uitgebrei.
- 'n Besluit is geneem dat beamptes i.p.v. diensverskaffers kursusse by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) sal aanbied. Dit het beduidende kostebesparing verseker, en die fondse is op hul beurt in handboeke geïnvesteer.
- Hoofkantoorvakatures op alle posvlakke is ongeveer gelaat, en die behoefte vir alle poste en strukture is geëvalueer. Die implikasie is dat beamptes meer funksies moet oorneem ten einde meer fondse vir direkte steun aan skole beskikbaar te stel. Hieraan is 'n verskuiwing in die rolle gekoppel sodat Hoofkantoorpersoneel verantwoordelikheid vir onafhanklike skole aanvaar, waardeur die taak van distrikskantore verlig word.
- Die stelsel is in elke opsig heroriënteer ten einde verbeterde akademiese prestasie in skole te verwezenlik.
- Kommuniqueer met skole is verbeter en vaartbelyn gemaak. So byvoorbeeld is 'n jaaralmanak van geleenthede vroegtydig voorsien.
- Daar is besluit om vyf vakaturelyste per jaar te hê, vergeleke met die voormalige twee, ten einde 'n beter respons vir skole te verseker wat onderrigpersoneel benodig. Daarby kom 'n program waardeur skole aangespoor word om vir die vroeë adverteer van poste te sorg ten einde gladde posoornames te verseker. As gevolg van groter doeltreffendheid is 'n opleiding- en mentorprogram moontlik gemaak. Omdat vakatures vinniger gevul word, is onderwys en leer gestabiliseer.
- Stelsels is in plek geplaas om ontwrigting van onderrigtyd te minimaliseer. Dit sluit voortdurende vermanings aan prinsipale en personeel in, dat daar geen ontwrigting van onderrigprogramme deur besoekers, NRO's en ander aktiwiteite moet wees nie. Alle vergaderings met onderwysers begin om 15:00, ná die normale skooldag. Die aantal vergaderings met prinsipale en onderwysers is grootliks verminder, en inligting wat elektronies versprei kan word, word met hierdie medium gestuur. Die WKOD het die regulasie geïmplementeer wat bepaal dat 'n skool by die distrikdirekteur aansoek moet doen voordat leerders op 'n ekskursie geneem word. Die WKOD het skooldatums bepaal wanneer interne eksamens kan begin (Junie en November), sowel as die vroegste datum waarop eksamens fgehandel kan wees. Gedurende die skoolvakansies is ontwikkelingskursusse in Geletterdheid en Syfervaardigheid vir onderwysers gehou.

Die tweede jaarlikse Opname van Kliënte-tevredenheid wat in 2010 gedoen is, het getoon dat skole die oorkoepelende dienste wat distrikskantore bied byna tweemaal so hoog as in 2009 aangeslaan het, sowel as 'n aantal ander belowende aanduiders.

Sedert die laaste sensus van 2001 het die bevolking van die Wes-Kaap gegroei, en dit groei steeds. Volgens die bevolkingskatting wat vir die middel van 2009 deur Statistiek Suid-Afrika vrygestel is, is die Wes-Kaap die tuiste van ongeveer 5 334 miljoen mense, wat 10.4% van die totale bevolking van Suid-Afrika verteenwoordig. Die Wes-Kaapse bevolking het by geboorte die hoogste lewensverwagting vir sowel manlike as vroulike persone.

In samewerking met ander staatsdepartemente en organisasies in die burgerlike samelewing werk die WKOD daaraan om die uitwerking van armoede en misdaad op die leerproses te bekamp, deur voedsel en ander armoedeverligting te verskaf en so in die behoeftes van arm leerders te voorsien.

Dit is belangrik dat, deur fisiese veiligheidsmaatreëls, groter samewerking met die SAPD en Metropolisie, en gemeenskapsbetrokkenheid by die beskerming van skole, skole veilig gehou word. Daarbenewens sal die WKOD, saam met ander regeringsdepartemente en die SAPD, voortgaan om lukraak inspeksies en toetse vir dwelms en wapens by skole te hou.

Die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap het 12 Provinsiale Strategiese Doelstellings geïdentifiseer. Die WKOD is die leierdepartement vir Provinsiale Strategiese Doelstelling 2, en ondersteun al elf die ander doelstellings op verskillende maniere en in 'n wisselende mate. Die 12 Doelstellings is soos volg:

1. Om geleenthede vir groei en werk te skep
2. Om onderwysuitkomste te verbeter 2010-2019
3. Om vervoer te integreer
4. Om welsyn te verhoog
5. Om veiligheid te verhoog 2010-2019
6. Om geïntegreerde en volhoubare mensenedersettings te ontwikkel
7. Om volhoubaarheid in die hoofstroom te vestig en die doeltreffendheid van hulpbronbenutting te optimaliseer
8. Om maatskaplike samehang te verhoog.
9. Om armoede te verminder
10. Om dienslewering vir maksimum-impak te integreer
11. Om geleenthede vir groei en ontwikkeling in landelike gebiede te skep
12. Om die bes-bestuurde provinsiale regering ter wêreld te bou

Die Departement van Basiese Onderwys het 'n aantal aanduiders as deel van "Aksieplan 2014" geïdentifiseer. Hulle word in Bylae B gelys. 'n Beduidende aantal hiervan is in die WKOD se Vyfjaarplan gelys, en vordering teen akademiese prestasieteikens word reeds in hierdie JPP opgespoor. Die Departement van Basiese Onderwys sal oor die volledige stel aanduiders verslag doen wanneer al die besonderhede in plek is.

1.5. Organisasoriese omgewing

Die Departement is van plan om daarop te konsentreer om 'n meelewende en doeltreffende kultuur te ontwikkel en die Departement se besigheidsprosesse en stelsels te verbeter. Die Hoofkantoor en distrikskantore van die WKOD is gestruktureer en ontwerp om snelresponddiens en ondersteuning aan skole en onderwysers te voorsien.

Die WKOD bestaan uit die provinsiale ministerie van onderwys met, aan die hoof, die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap, die provinsiale hoofkantoor, distrikskantore en onderwysinstansies met inbegrip van openbare gewone en spesiale skole, VOO-kolleges, gemeenskapsleersentrums vir volwassenes, en VKO-personele.

1.6. Hersienings van wetgewende en ander mandate

Die mandate in die Strategiese Vyfjaarplan geld tans, met die volgende uitsonderings:

Die Wes-Kaapse Provinsiale Wysigingswetsontwerp op Skoolonderwys, Wet 7 van 2010, is op 8 Desember 2010 gepromulgeer en in die Buitengewone Provinsiale Staatskoerant nr. 6823 gepubliseer, om vir die volgende wysigings in die hoofwet voorsiening te maak:

- bring die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 in lyn met die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet nr. 84 van 1996);
- brei die mag van die provinsiale minister van onderwys uit om provinsiale onderwysbeleid te bepaal, en die mag van die hoof van die departement om sekere reëls te maak;
- maak voorsiening vir die inspekteur van skole vir sekere doeleindes;
- reguleer opnuut die vestiging en funksies van 'n Onderwysraad vir die provinsie;
- verbied politieke aktiwiteite by die skool gedurende skooltyd;
- maak voorsiening vir die onderskeid tussen spesiale skole vir leerders met leerhindernisse, en spesiale skole wat onderrig met 'n gespesialiseerde fokus bied;
- magtig die provinsiale minister om genoemde norms en standaarde aangaande basiese infrastruktuur en kapasiteit in openbare skole voor te skryf;
- verbied gevaarlike voorwerpe, onwettige dwelms, en alkoholiese drank op skoolpersele;
- verbied betaling van ongemagtigde vergoeding aan sekere werknemers;
- maak voorsiening dat sekere onderwysers onder bepaalde omstandighede as ontslaan beskou kan word;
- verminder die tyd vir die indien van sekere griewe; en
- brei die mag van die provinsiale minister uit om regulasies te maak, en om sekere uitgediende uitdrukkings te vervang.

Op 9 Desember 2009 het die Departement van Basiese Onderwys die *Basiese Wysigingswet op Onderwyswette*, 2009, vir kommentaar in die Staatskoerant Nr. 32790 gepubliseer. Die doel van die Wysigingswet is om:

- die definisies van Direkteur-Generaal, onderwysinansie, en die Minister te wysig sodat dit die skepping van die Ministerie van, en Departement van Basiese Onderwys sal weerspieël;
- die definisies van 'n ouer en 'n lening verder sal wysig;
- voorsiening vir addisionele funksies van 'n prinsipaal sal maak;
- sal verseker dat die opleiding van beheerliggame aan erkende beheerliggaamverenigings toevertrou sal word; en
- voorsiening sal maak dat nie-akademiese aktiwiteite, onder meer, gedurende skooltyd verbied word.

Nadat openbare kommentaar in ag geneem is, het die Minister van Basiese Onderwys haar voorneme bekend gemaak dat sy die wetsontwerp aan die Nasionale Vergadering gaan voorlê. Die Parlement se Staande Komitee het die voorneme aangekondig om vroeg in 2011 openbare vergaderings te hou.

Die *Nasionale Beleid vir die Billike Voorsiening van 'n Bemagtigende Fisiese Onderrig- en Leeromgewing* is op 11 Junie 2010 (Deel 540, nr. 33283) gepromulgeer. Die **regulasies** (norms en standaarde) m.b.t. die beleid word tans gepubliseer.

Die *Beleid oor Leerderbywoning* is op 4 Mei 2010 gepubliseer, en word vanaf 1 Januarie 2011 by alle gewone en spesiale openbare skole geïmplementeer. Die breë doel van hierdie beleid is dat alle Suid-Afrikaanse skole 'n kultuur van gereelde skoolbywoning moet vestig en handhaaf. Gereelde skoolbywoning moet 'n trotse prestasie in ons skole word, en is 'n voorvereiste vir gehalteonderrig en -leer. Elke skool het 'n plig om elke leerder se fundamentele reg op onderwys te beskerm; en inskrywing by 'n skool plaas 'n leerder onder 'n verpligting om die skool stiptelik en gereeld by te woon, tensy daar geldige redes vir afwesigheid is. Die doel van hierdie beleid is om (a) stiptelike en gereelde bywoning van openbare skole te bevorder; en (b) openbare skole en provinsiale onderwysdepartemente van standaardprosedures te voorsien om leerderbywoning te boekstaaf, te bestuur en te monitor.

2. Oorsig van 2011/12 Begroting- en MTUR-ramings

2.1 Uitgaweramings en sektorspesifieke tabelle

ST001	Provinsiale onderwyssektor - Sleuteltendense							
	2008/09 Werklik	2009/10 Werklik	2010/11 Raming	2011/12 Raming	2012/13 Raming	2013/14 Raming		
Inkomste (R'000)*								
Bilike deel	8,764,824	10,283,802	11,073,016	12,078,124	12,761,208	13,470,885		
Voorwaardelike toelaes	298,188	302,764	894,103	1,176,991	1,288,612	1,402,087		
Donateurbefondsing	0	0	0	0	0	0		
Ander finansiering (Batesfinansieringsreserwe)	105,000	0	8,219	52,703	0	0		
Eie inkomste	24,466	26,747	22,874	24,025	24,533	25,065		
Totaal	9,192,478	10,613,313	11,998,212	13,331,843	14,074,353	14,898,037		
Betalings volgens program (R'000)*								
1 Administrasie	461,409	507,030	590,268	613,731	646,729	686,474		
2 Openbare gewone skoolonderwys (sien verdere verdeling hieronder)	7,435,334	8,602,087	9,648,913	10,774,200	11,325,002	11,989,753		
3 Subsidies aan onafhanklike skole	44,119	55,522	59,709	64,188	68,681	73,488		
4 Openbare spesiale skoolonderwys	520,399	634,604	728,163	804,938	861,076	916,079		
5 Verdere onderwys en opleiding	367,190	368,917	447,043	527,117	576,220	649,704		
6 Basiese onderwys en opleiding vir volwassenes	26,838	29,479	32,710	33,919	35,795	37,805		
7 Vroeëkindontwikkeling	228,748	288,620	365,586	378,240	416,640	391,795		
8 Hulp- en verwante dienste	108,441	127,054	125,820	135,510	144,210	152,939		
Totaal	9,192,478	10,613,313	11,998,212	13,331,843	14,074,353	14,898,037		

ST001	Provinsiale onderwyssektor - Sleuteltegnense						2013/14 Raming
	2008/09 Werklik	2009/10 Werklik	2010/11 Raming	2011/12 Raming	2012/13 Raming		
Betalings vir openbare gewone skoolonderwys (R'000)*							
2.1 Openbare primêre skole	4,086,516	4,782,769	5,421,742	5,976,749	6,453,893	6,649,808	
2.2 Openbare sekondêre skole	2,874,010	3,118,546	3,349,202	3,645,978	3,644,467	3,989,409	
Betalings volgens ekonomiese klassifikasie (R'000)*							
Lopende betaling	7,908,367	9,194,632	10,316,174	11,349,935	11,936,896	12,607,855	
Vergoeding van werknemers	7,089,690	8,214,843	9,326,944	10,135,942	10,642,639	11,294,897	
- Opvoeders	6,269,448	7,143,095	8,090,197	8,815,101	9,249,266	9,813,542	
- Nie-opvoeders	820,242	1,071,748	1,236,747	1,320,841	1,393,373	1,481,355	
Goedere en dienste en ander lopende betalings	818,677	979,789	989,230	1,213,993	1,294,257	1,312,958	
Oordragte en subsidies	1,077,123	1,164,546	1,213,639	1,384,464	1,478,849	1,600,784	
Betalings vir kapitale bates	206,988	254,135	468,399	597,444	658,608	689,398	
Totaal	9,192,478	10,613,313	11,998,212	13,331,843	14,074,353	14,898,037	
Doeltreffendheidsstatistiek (sektorwyd)							
Personeel							
Aantal opvoeders (in openbare diens)	31 401	31 965	31 696	31 000*	31 000*	31 000*	
Aantal nie-opvoeders (in openbare diens)	8 750	8 851	8 790	8 800**	8 800**	8 800**	
Inskrywing op verpligte vlak							
Leerders van 6 tot 15 jaar in openbare gewone skole	715 151	721 443	731 818	732 000	732 000	732 000	
Leerders van 6 tot 15 jaar in openbare spesiale skole	9 208	10 047	10 195	10 300	10 400	10 500	
Leerders van 6 tot 15 jaar in onafhanklike skole	20 064	25 776	27 625	27 600	27 600	27 600	
Totaal	744 423	757 266	769 638	769 900	770 000	770 100	

ST001	Provinsiale onderwyssektor - Sleuteltendense					
	2008/09 Werklik	2009/10 Werklik	2010/11 Raming	2011/12 Raming	2012/13 Raming	2013/14 Raming
Inskrywing op na-verpligte vlak						
Leerders van 16 tot 18 jaar in openbare gewone skole	182 454	181 645	183 815	184 000	185 000	186 000
Leerders van 16 tot 18 jaar in openbare spesiale skole	6 614	6 917	7 398	7 450	7 500	7 550
Leerders van 16 tot 18 jaar in onafhanklike skole	6 599	7290	7 532	7 550	7 550	7 550
Studente van 16 tot 18 jaar in VOO-kolleges	4 000	6 170	4 249	6 000	7 000	8 000
Totaal	199 667	202 022	202 994	205 000	207 050	209 100
Bevolking						
Bevolking van 6 tot 15 jaar	994 084	1 006 113	1 006 113	1 100 000	1 100 000	1 100 000
Bevolking van 16 tot 18 jaar	286 337	289 167	300 000	300 000	300 000	300 000
<p>*Die 2010/11-syfers is the hersiene raming Let daarop dat dit nie Graad R-leerders, of leerders ouer as 18 wat in die stelsel is, insluit nie. In 2007/08 is bevolkingsyfers van 7 tot 14 jaar geneem. Vanaf 2009/10 het ouderdomsintervalle van die vorige intervale van 7 tot 14 jaar en 15 tot 17 jaar na die nuwe strek van 6 tot 15 jaar en van 16 tot 18 jaar verander.</p> <p>*Die goedgekeurde naverspreidingsmodel vir 2011 is 30989 (afgerond tot 31000)</p> <p>**Op 30 November het Staatsdienspersoneel 8 796 getel, wat tot 8800 afgerond is (weeklikse verslag gedateer 29 November 2010)</p>						

ST002	Provinsiale onderwyssektor – Ouderdom-spesifieke inskrywingskoerse (2009)									
	2.1 Openbare primêre skole	2.2 Openbare sekondêre skole	3 Onafhankli ke skole	4.1 Openbare spesiale skole	4.2 Onafhanklik e spesiale skole	5 VOO- kolleges (hoofde- telling)	6 (B)OOV	7 VKO	Bevolking	Ouderdoms pesifieke inskrwing koers
Ouderdom 6	12 294		2 639	274	5			24 869		
Ouderdom 6	51 952		2 711	289	4			5 669	93 705	64.7%
Ouderdom 7	76 000		3 093	412	22			63	93 264	85.3%
Ouderdom 8	75 130		2 819	492	30				92 755	84.6%
Ouderdom 9	77 337		2 990	694	37				92 176	87.9%
Ouderdom 10	77 409		2 695	839	57				91 440	88.6%
Ouderdom 11	75 335		2 621	952	60				90 751	87.0%
Ouderdom 12	73 676	31	2 515	1 039	60				90 297	85.6%
Ouderdom 13	73 538	3 518	2 683	1 134	44				90 078	89.8%
Ouderdom 14	28 869	47 346	2 729	1 545	49				90 096	89.4%
Ouderdom 15	10 353	61 324	2 769	3 205	43	52			89 665	86.7%
Ouderdom 16	2 902	66 700	2 669	3 386	41	302	1 115		89 078	86.6%
Ouderdom 17	345	63 641	2 709	2 642	45	1148	703		89 162	79.9%
Ouderdom 18	68	50 159	2 154	1 494	38	2747	1 383		89 918	64.6%
> Ouderdom 18	6	37 126	1 195	482	52	41 333	36 919			
Totaal	622 914	292 719	35 157	18 123	530	4 249	3 201	5 732	1 182 385	83.1%

Nota: Die totale vir leerders <6 en >18 is nie by die totale in die laaste ry getel nie maar is in die oorkoepelende persentasie van 83.1% gefaktoreer. Die VKO-kolom sluit slegs leerders by onafhanklike persele in. Dié in openbare gewone skole is onder Program 2.1 gelys.

ST003	Provinsiale onderwyssektor – Hulpbronverkryging is via die navoorsieningsnorms (2010) uitgevoer				
Programme/Doel van poste	Poste PL1	Poste PL2	Poste PL3	Poste PL4	Totaal
Poste bo-gesnoei	0	0	0	0	0
Poste deur model versprei	21,000	4,300	1,400	1,600	28,300
Openbare gewone skoolonderwys	19,600	4,000	1,300	1,500	26,400
Openbare primêre skole	12,200	2,400	800	1,100	16,500
Openbare sekondêre fase	7,400	1,600	500	400	9,900
Openbare spesiale skoolonderwys	1,300	250	100	100	1,750
Totaal	21,000	4,300	1,400	1,500	28,300

Bron: Posvoorsieningsmodel 2011 (Afgerond)

Ten einde stabiliteit by inrigtings te handhaaf, is berekenings op die Posverspreidingsmodel vir 2010 gebaseer.

ST004	Provinsiale onderwyssektor – Investerings in vaardigheidsontwikkeling van personeel (2010/11)							
	Prog 1 Admin	Prog 2 POS	Prog 3 Onafh	Prog 4 Spes	Prog 5 VOO	Prog 6 BOOV	Prog 7 VKO	Totaal
Besteding (R 000)			-	-	-	-	-	
Leerlinge	9,525	14,625	-	-	-	-	-	24,150
Opvoeders	5,840	14,600	-	-	-	-	-	20,440
Vaardigheidsprogramme	1,687	10,425						12,112
Opleiding in kurrikulumverandering	-	-	-	-	-	-	-	-
Ander indiensopleiding	2,812	618	-	-	-	-	-	3,430
MIV/VIGS-opleiding	-	-	-	-	-	-	-	-
Nie-opvoefers	3,840	1,352	-	-	-	-	-	5,192

Nota: Hierdie tabel weerspieël al die departementele besteding aan die ontwikkeling van departementpersoneel. Dit sluit die koste van opleiers in wat deur die departement in diens geneem word. Dieselfde opvoeder kan tweemaal getel word indien 'n opvoeder byvoorbeeld gedurende die betrokke jaar twee opleidingsprogramme ondergaan het. Die syfers in die 'Opvoeders'-ry weerspieël egter geen dubbele telling van opvoeders nie. Die tabel hierbo weerspieël stegs driekwart van besteding op vaardigheidsontwikkeling vir hierdie finansiële jaar. Die vierde kwart moet bygevoeg word ten einde die Jaarlikse Opleidingsverslag te voltooi. Opleiding in MIV/VIGS en Kurrikulumverandering was nie vir hierdie verslag beskikbaar nie.

Bronprogrambestuurder, WKOD

2.2 Rekonsilieer van uitgewetendense met Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwitte

Die "Raamwerk vir Strategiese Planne en Jaarlikse Prestasieplanne" (Augustus 2010) benodig entiteite om die "Strategiese Doelwitte" soos dit in die "Strategiese Plan" vir 2010 – 2014 gebruik is, met "Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwitte" te vervang – wat as "Impak- en uitkomsverklarings met 5-jaar teikens" gedefinieer word.

Die WKOD het nie sy "Strategiese Doelwitte" wat in daardie dokument uiteengesit is verander nie, maar verklaar hulle hier weereens, soos deur die verskillende voorskrifte vereis.

Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doel 1	Verbeter prestasie in Geletterdheid en Syfervaardigheid.
Doelverklaring	Prestasie in Geletterdheid en Syfervaardigheid moet verbeter sodat: 75% van leerders in Graad 3 teen 2014 na ouderdomsnorme vir Taal, en 60% na ouderdomsnorme vir Syfervaardigheid presteer. 65% van leerders in Graad 6 teen 2014 na ouderdomsnorme vir Taal, en 50% na ouderdomsnorme vir Syfervaardigheid presteer. 65% van leerders in Graad 9 teen 2014 na ouderdomsnorme vir Taal, en 55% na ouderdomsnorme vir Syfervaardigheid presteer. Tellings moet d.m.v. jaarlikse toetsing nagespeur, en dienooreenkomstig aangepas word.

Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doel 2	Verbeter Uitslae vir Nasionale Senior Sertifikaat
Doelverklaring	Om die slaagsyfer in die NSS deur die voorsiening van handboeke, onderwyseropleidingprogramme, bestuur en ondersteuning te verbeter. Die teikens vir 2014 is 43 000 leerders wat die NSS slaag, en 17 500 wat toegang tot Baccalaureusgrade verwerf; 17 000 leerders moet Wiskunde slaag, en 13 500 Natuurwetenskap.

Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doel 3	Verminder van die aantal hoërskole wat onderpresteer
Doelverklaring	Eliminering van onderprestasie in die Nasionale Senior Sertifikaat in hoërskole, d.w.s. geen skole wat teen 2014 'n slaagsyfer van <60% het nie.

Begrotingstrome is intern geherprioritiseer ten einde geïdentifiseerde aktes vir kohesie en konvergensie aan te dryf. Deur weereens toe te sien dat die meeste van sy finansiële en menslike hulpbronne aan skole bestee word, sal die WKOD verseker dat hy sy verantwoordelikheid nakom. Steun sal ook verleen word aan VKO, volwasse onderwys, VOO-kolleges en onafhanklike skole van gehalte. Daar sal geen nuwe beleidsrigtings wees nie, maar verbeterde toerekenbaarheid, beplanning, doeltreffendheid en kommunikasie in alle programme.

Die volgende operasionele en stelsel fokus punte is vir 2011 bepaal:

Kennisbestuur

- Verbeter akkuraatheid en gebruik van die Sentrale en Distrik- Onderwysbestuur-Inligtingstelsels (SOBIS en DOBIS)
- Deel bevindinge van navorsingsverslae en inkorporeer hulle in WKOD-strategieë.
- Laat 'n oudit van infrastruktuur doen.
- Verbeter die gebruik en nut van Grade 3, 6, 9 en 12 se toets- en eksamendata
- Werk met die Departement van die Premier saam aan toepaslike en bekostigbare IT-ondersteuning vir distrikte en skole.
- Verhoog die gebruik en vermoë van die webwerf, inbelsentrum, instapsentrum en besoekersentrum

Kurrikulum en assessering

- Versterk geletterdheid en syfervaardigheid in alle primêre skole deur teikens, toepaslike planne en 'n gedifferensieerde benadering tot ondersteuning
- Institutionaliseer die navorsingsbevindinge van die Graad 3-studie.
- 250 nuwe skole moet intensiewe opleiding in Geletterdheid en Syfervaardigheid vir alle onderwysers in Graad 1 – 6 ontvang
- Versterk inhoudkennis onder hoërskoolonderwysers, veral in vakke wat baie leerders neem, of benodig om te vorder.
- Beplan om die herverpakte kurrikulum in 2012 en 2013 in te voer
- Toets alle leerders in Graad 3, 6, en 9 in Oktober-November 2011
- Administreer Jaarlikse Nasionale Assesserings vir Grade 1 – 6 in Februarie 2011 en 2012
- Beplan en administreer vyf eksamens vir Graad 12- en volwasse leerders

Finansies

- Verseker goeie finansiële bestuur en beheer: skoon oudit, waarde vir geld en doeltreffendheid
- Verbeter risikobestuur
- Afwykings van verkrygingsbepalings verminder
- Beleid vir geen-fooi skole gehandhaaf
- Moniteer skoolbesteding en nakoming

Mensehulpbronne

- Finaliseer organogram by Hoofkantoor en in distrikte
- Versterk werwing, opleiding en mentorskappe vir prinsipale
- Voorsien 250 beurse vir GOS in skoolleierskap en bestuur vir prinsipale en aspirant-prinsipale
- Verbeter onderwyser- en leerderbywoning
- Verhoog die gebruik van die skooldag vir akademiese aktiwiteite
- Verbeter die gebruik van onderwysers: vyf vakaturelyste; posteverspreiding aan skole; onderwyserafwesigheid; oortollige onderwysers
- Vergroot die aantal voordiensbeurse vir onderwysers
- Byeenbring vir doelgerigte opleiding, en belonings vir beamptes en onderwysers
- Gaan voort met indiensprogramme by die *Cape Teaching and Learning Institute*, met inbegrip van seminare en kongresse, waardeur minstens 3 000 onderwysers en prinsipale bereik word.
- Voer nuwe kort programme en verrykingsprogramme oor aktuele kwessies in vir onderwysers en skoolbestuurders.

Infrastruktuur

- Bou 10 nuwe skole, 78 uitbreidingklaskamers, 58 Graad R-klaskamers, en die tweede fase van die Sentrum vir Wetenskaps en Tegnologie (COSAT).
- Vervang 3 ongeskikte skole en 132 klaskamers
- Verbeter besteding en doeltreffendheid van die instandhoudingsbegroting.
- Verhoog doeltreffendheid deur skole saam te smelt en te sluit.
- Hersien verhurings en vervoerskemas.
- Voorsien meubels en toerusting vir nuwe skole en klaskamers.

Handboeke en ander leermateriaal

- Verbeter verkryging, gebruik en behoud van handboeke
- Verkry en lewer 4 handboeke vir elke leerder in die Grondslagfase
- Verkry en lewer Graad 10-teksboeke vir 2012 x 7 per leerder
- Verkry en lewer Graad 10-letterkundeboeke
- Verkry en lewer 'n Leesboekreeks vir 250 skole
- Verkry en lewer Graad 12-boeke soos benodig om voorraad aan te vul
- Handel die voorsiening van IKT-infrastruktuur (rekenaarfasiliteite) aan alle skole in die Wes-Kaap teen Maart 2012 af
- Voorsien toegang tot Leerbestuurstelsel vir onderwysers, leerders, distrik- en Hoofkantoorbeampies

Gesondheid, ondersteuning en veiligheid van leerders

- Stroomlyn en versterk MIV/VIGS-projekte in skole
- Brei skoolvoedingprogram uit, en verseker dat die leerprogram nie geraak word nie
- Verbeter sekuriteit by skole
- Ondersoek model vir leerders met spesiale behoeftes

Hoedat daar in 2011 op hierdie gebiede gepresteer word, sal nagespeur word met 'n kombinasie van nasionale Programprestasiemaatstawe, Programprestasieaanwysers (party jaarliks en party kwartaalliks), inskrywings op die Provinsiale Instrumentpaneel, en deur provinsiale en departementele monitering- en evalueringoefeninge.

Die Strategiese Doelstellings soos in die Strategiese Plan aangedui, word bygewerk om ooreen te kom met die Strategiese Verklaring wat in 2009 deur die Premier uitgereik en onder relevante programme gelys is. Hierdie doelstellings definieer daardie operasionele aspekte wat gesamentlik tot vordering met die 3 doelwitte van die WKOD sal bydra.

Deel B: Program- en subprogramplanne

3. Program 1: Administrasie

Doel: Om oorkoepelende bestuur van, en steun aan die onderwysstelsel te voorsien ingevolge die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, en ander relevante beleidsbepalings

Ontleding per subprogram:

Sub-program 1.1: Kantoor van die LUR

om voorsiening te maak vir die funksionering van die kantoor van die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vir Onderwys

Sub-program 1.2: Korporatiewe Dienste

om vir die onderwysstelsel bestuursdienste te voorsien wat nie onderwysspesifiek is nie
om beperkte voorsiening vir akkommodasiebehoefes te maak en dit in stand te hou

Sub-program 1.3: Onderwysbestuur

om onderwysbestuursdienste vir die onderwysstelsel te voorsien

